**Hoërskool Oos-Moot**
HAARHOFFSTRAAT 1120, VILLIERIA, 0186
Telefoon: (012) 332-0601 Faks: (012) 332 2457
E-pos: oosmoot@oos-moot.co.za
webtuiste: www.oos-moot.co.za

November 2024

Geagte ouer/voog

## SKOOLFONDS 2025

Met die algemene jaarvergadering gehou op 11 November 2024, is die volgende, eenparige besluite geneem.

1. Begroting vir 2025 is goedgekeur.
2. Skoolgeld vir 2025 is bepaal.
3. Toestemming is verkry dat vrystelling toegestaan kan word, indien aan die kriteria van die departement voldoen word.

**VASGESTELDE SKOOLGELD VIR 2025**

| SKOOLGELD: GRAAD 8 TOT 12 (per leerder) | |
|---|---|
| **OPSIE 1: JAARLIKS** | **OPSIE 2: MAANDELIKS** |
| R36 960<br>(eenmalig) | R3 080 x 12<br>1 Januarie – 1 Desember |

### Skoolfonds

Skoolgeld is streng vooruitbetaalbaar. Alle skoolgeld moet op die eerste skooldag van die jaar betaal word, maar met die vergunning van die Beheerliggaam mag dit in 12 paaiemente afbetaal word, om die las op die ouers te verlig. Rekeninge wat **30 dae agterstallig** is, sal opgevolg word. Indien die rekening oorhandig word vir invordering, sal ouers verantwoordelik wees vir alle rente en koste hieraan verbonde, tensy daar 'n skriftelike ooreenkoms (onderteken deur beide partye) met die skool bestaan.

### Vrystellings

Aansoek om vrystelling of gedeeltelike vrystelling van skoolgeld kan ingevolge die Skolewet gedoen word. Hierdie aansoeke moet **jaarliks** aan die Beheerliggaam, op die voorgeskrewe vorms gerig word.

- Aansoeke moet verkieslik **voor of op 28 Februarie** van **elke** jaar ingehandig word om in aanmerking te kom vir die vrystelling/gedeeltelike vrystelling. 'n Voorlopige verslag moet teen 31 Maart aan die Departement voorgelê word.
- Aansoeke sal teen die **einde** van die **eerste kwartaal** afgehandel wees en ouers sal binne 7 dae na die besluit geneem is, skriftelik in kennis gestel word.
- Aansoeke word streng volgens die voorskrifte vervat in die **regulasies insake die vrystelling van ouers, ten opsigte van die betaling van skoolfooie** hanteer. 'n Afskrif van die regulasies is ter insae by die skool beskikbaar

Die volgende kategorieë is van toepassing:

Algehele vrystelling

Persoon kwalifiseer op grond van die formule of die volgende omstandighede:

- Persoon wat ouerlike pligte aanvaar vir 'n kind in pleegsorg, jeugsorgsentrum, plek van veiligheid of kinderhuis.

- 'n Familielid wat 'n kinderhuiskind, of 'n kind wat deur ouers verwerp is, of 'n kind met geen ondersteuning versorg.
- Persoon wat staatstoelae ontvang vir 'n kind.
- 'n Kind wat aan die hoof van 'n huishouding staan.

Gedeeltelike vrystelling

Persoon kwalifiseer op grond van die formule en die aantal skoolgaande kinders.

Voorwaardelike vrystelling

Vrystelling deur die Beheerliggaam verleen aan 'n persoon wat slegs vir gedeeltelike vrystelling kwalifiseer, maar wie se omstandighede van so aard is dat selfs die gedeeltelike fooi nie betaal kan word nie. Die Beheerliggaam koppel voorwaardes aan hierdie vrystelling.

Geen vrystelling

Persoon doen nie aansoek vir vrystelling nie, vrystellingsaansoek is onvolledig of persoon kwalifiseer nie op enige gronde vir vrystelling nie.

Daar word op u as ouer se samewerking gereken om u finansiële verpligtinge teenoor die skool na te kom en sodoende die bestuur van die skool in staat te stel om die skool te bedryf tot voordeel van elke kind en die gemeenskap wat ons bedien.

Die uwe
G WOLFAARDT
BEHEERLIGGAAM: TESOURIER